**<u>VOORSIENING KANAAL BESTUUR IMPLEMENTEERINGS VERSLAG VIR DIE JAAR JULIE 2012 TOT JUNIE 2013.</u>**

<u>Inleiding:</u>

Die Sentraal Karoo Distriks Munisipaliteit het 'n goedgekeurde Voorsienings kanaal bestuurs beleid. Hierdie beleid is volgens die voorskrifte van die Grond Wet (artikel 217), die MFMA (Hoofstuk11) en die Voorsienings kanaal bestuurs Regulasies.

Alle aankope word volgens hierdie beleid gedoen om te verseker dat aankope regverdig, onpartydig, deursigtig, kompeterend en koste-effektief gedoen word.

Die beleid moet jaarliks hersien word. Die Raad se beleid is nie hersien nie, maar sal vroeg in die nuwe jaar gedoen word.

Die Raad delegeer die mag aan die Rekenpligtige Beampte om toe te sien dat die Voorsienings kanaal bestuurs beleid geimplementeer word.

Die Raad het 'n toesighoudende rol wat betref die Voorsienings kanaal prosedures, vandaar die voorlê van hierdie verslag.

Volgens ons beleid en die Regulasie moet daar binne 30 dae na die einde van die boekjaar 'n Implementeerings verslag aan die Raad voor gelê word.

<u>Delegasies:</u>

Daar is nie 'n Voorsiening kanaal eenheid nie en word die funksies gedesentraliseerd uitgevoer.

Aankope tot 'n bedrag van R50,00 word uit die kleinkas gedoen, met goedkeuring deur 'n Departements Hoof of Rekenmeester.

Aankope bo R50,00 tot R2000,00 word op mondelingse kwotasie per department gedoen, goedgekeur deur die Departements Hoof of CFO.

Aankope bo R2000,00 tot R30000,00 word op drie geskrewe kwotasies gedoen, goedgekeur deur die Departements Hoof of CFO.

Alle aankope bo R30000,00 geskied deur 'n mededingende tenderproses. Spesifikasies word opgestel. Evalueering komitee evalueer en die Toekennings komitee ken toe.

Daar word beplan om hierdie waardes in die nuwe jaar aan te pas.

Punte toekenning;

Tenders met 'n waarde van R1 000 000,00 en minder word op die 80/20 skaal ge-evalueer. 80 punte vir die prys en 20 punte vir die BBBEE sertifikaat.

Tenders met 'n waarde van meer as 'n R1 000 000,00 word op die 90/10 skaal ge-evalueer. 90 punte vir die prys en 10 punte vir die BBBEE sertifikaat.

'n Tender met funksionaliteit as kriteria moet dit duidelik in die dokument aandui, asook waarvoor en hoeveel punte gegee gaan word en wat is die kwalifiseerende presentasie. Dus moet die tenderaars eers die funksionaliteit slaag voor hul verder ge-evalueer word.

Hier volg die BBBEE skale vir punte wat op 07 Desember 2011 inwerking getree het;

| **B-BBEE bydraer vlak** | **Aantal punte (90/10 tender)** | **Aantal punte (80/20 tender)** |
|---|---|---|
| 1 | 10 | 20 |
| 2 | 9 | 18 |
| 3 | 8 | 16 |
| 4 | 5 | 12 |
| 5 | 4 | 8 |
| 6 | 3 | 6 |
| 7 | 2 | 4 |
| 8 | 1 | 2 |
| Geen BBBEE vlak | 0 | 0 |

Komitees:

Daar is drie formele komitees vir die Voorsienings kanaal bestuurs stelsel. Die spesifikasies komitee hang van die produk benodig af. Dit bestaan uit die Departements Hoof van die department wat die aankoop wil doen, die persoon wat die produk gaan gebruik en 'n VKB amptenaar.

Die Evalueerings komitee lede is as volg;

| | |
|---|---|
| Mnr Hein Rust | Bestuurder Rampbestuur |
| Mnr Gerrit van Zyl | Bestuurder Omgewings Gesondheid |
| Mnr André Koopman | Tegniese Assistent |
| Mnr Damon Lodewyk | Hoof werktuigkundige |
| Mnr SA Piti | Distriks Koordineerder Global Fund |
| Me Dorian Louw | Koste klerk Tegnies |
| Me Alicia Cedras | Magasynmeester Tegnies |
| Me Charldene Jooste | Finansiele Intern |
| Me Lizette Strümpher | VKB amptenaar |

‘n Kworum vir die komitee is die minimum van vyf (5) lede.

Die Toekennings komitee lede is as volg;

| | |
|---|---|
| Mnr NW Nortjé | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr JJ Jonkers | Bestuurder Toerisme |
| Mnr Kobus Theron | Direkteur Tegniese Dienste |
| Me Thobeka Twani | Bestuurder IDP |
| Me Lizette Strümpher | VKB amptenaar |

‘n Kworum vir die komitee is die minimum van drie (3) lede.

Volgens die beleid moet komitee lede en amptenare opgelei word in die VKB prosesse om te verseker dat hul hul rolle ten volle kan vervul. Ongelukkig is baie van hierdie komitee lede nog nie formeel opgelei nie. Die begroting is gesny en is daar nie fondse vir opleiding nie. Provinsiale Tesourie is genader om die opleiding vir ons te kom doen, maar daar is nog nie ‘n datum hiervoor beskikbaar nie.

Daar moet nog delegasies geskryf word vir elke persoon betrokke by SCM en dit moet deel van hul posbeskrywings uit maak.

**Stefanus Jooste**
**MUNISIPALE BESTUURDER.**